

**Ponelis sintaksis: van skelet na vlees en bloed en
senuwees.**

2de Ponelisgedenklesing

Universiteit van Stellenbosch

26 Julie 2012

Piet Swanepoel

Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap

Unisa



Kollegas, dames en here, mev. Issie Ponelis

Ek wil graag vir prof. Rufus Gouws, prof. Ilse Feinauer en die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Stellenbosch bedank vir die uitnodiging om hierdie tweede gedenklesing te hou ter huldiging van Fritz Ponelis – 'n mens wat vir heelwat van ons hier vannaand nie net mentor en vakgenoot was nie, maar ook 'n baie goeie vriend.

My eie verbintenis met Fritz loop 'n lang pad. Ek het al vroeër van hom geweet, maar hom eers nader leer ken toe ek hom eind-1978 genader het om as studieleier vir my proefskrif op te tree. Ek was toe pas terug van 'n jaar se studie in die doktorsale program in Algemene Taalwetenskap aan die Universiteit van Utrecht – in Europa seker in die tyd die bakermat van die Transformasionele Generatiewe Grammatika (algemeen afgekort tot: TGG). Met die generatiewe lig nog brandend in my oë, het ek in 1980 my proefskrif hier aan Stellenbosch voltooi oor “WH-konstruksies in Afrikaans. 'n Generatiewe benadering”. Ek herinner my goed die stil maar besliste wyse waarop Fritz met sy kennis van Afrikaans en die TGG my deur al die donker waters van proefskrifskryf begelei het.

Fritz Ponelis het as taalkundige 'n groot en blywende bydrae gemaak tot verskeie subdissiplines van die Afrikaanse taalkunde. Sy publikasielyst is getuie van sy bydraes tot die historiese Afrikaanse taalkunde, Afrikaanse klankleer, morfologie en leksikografie. Sy beskouinge oor variasie in Afrikaans en sy hantering van die talle – nie net taalkundige nie, maar ook politieke - probleme in die konseptualisering van begrippe soos “variasie”, “standaardtaal” en “Standaardafrikaans” is getuie van sy sensitiwiteit vir die Afrikaanssprekende taalgemeenskap in sy volle diversiteit. (Sien Gouws en Feinauer 2010-2011.)

Die talle toekennings wat hy nasionaal en internasionaal ontvang het, is bewys van die kwaliteit van sy bydraes tot die Afrikaanse taalkunde. (Sien Gouws en Feinauer 2010-2011.)

In hierdie lesing wil ek egter fokus op Ponelis se bydrae tot ons insig in die Afrikaanse sintaksis, en dan nie soseer op die inhoudelike aspekte daarvan nie,

maar op die taalteoretiese en metodologiese kwessies waartoe sy navorsing in die sintaksis aanleiding gegee het. Herskep mens die verlede en die gebeure rondom Ponelis se publikasies *Grondtrekke* en *Afrikaanse sintaksis* sit jy met 'n verhaal van taalteoretiese en metodologiese stryd wat hom veral hier op Stellenbosch, maar ook in die hele land, waar Afrikaans ook al gedoseer is, afgespeel het. Althuis hierdie publikasies het in hulle tyd vir heelwat kontroversie en debat gesorg in 'n tydperk van rewolusies en teenrewolusies in 'n gefragmenteerde taalkundige landskap.

In die gees van die stryduitdrukking *die Chomskyaanse rewolusie* het kollegas, en by hierdie groep wil ek Fritz Ponelis eksplisiet uitsluit, nie gekroom om na die veelgewraakte resensie van Jeanne Maartens (1980) oor *Afrikaanse sintaksis* te verwys met frases soos “'n poging tot 'n teoretiese en metodologiese staatsgreep” en “taalteoretiese bedrog en agterbaksheid”. Maar later meer hieroor.

Ongelukkig het die Afrikaanse taalkundiges in die tyd, om watter rede ook al, nie hierdie diskoers in die openbaar aan die orde gestel nie. Miskien was ons stomgeslaan deur die aggressie waarmee proponente van die TGG, soos Rudi Botha en Jean Maartens, die doen van “kritiek lewer” opgeneem het – 'n eienskap so tekenend van wat Walker (2010) die “paradigmatiese mentaliteit” noem. Die feit dat hierdie “aanval” nie na die openbare verhoog geneem is of ten minste dat daar pogings was om hierdie aanval in 'n sinvolle teoretiese en metodologiese kader te plaas nie, is 'n kans gemis om vir die Afrikaanse taalkunde, vir Afrikaanse taalkundiges en vir studente van Afrikaans te leer dat jou taalteoretiese aannames en metodologiese praktyke 'n inherente deel van jou vakbeoefening uitmaak en dat kritiek daarop gesond is omdat dit jou konstant sensitief hou vir hierdie kwessies in enige navorsing wat jy onderneem.

Ek wil dit waag om te sê dat hierdie verspeelde kans miskien ook een van die hoofredes is waarom studente wat by Unisa vir nagraadse studie aanmeld, en verskeie van hulle kom uit verskillende departemente Afrikaans in die land, met stomme verbystering geslaan word as ons van hulle 'n navorsingsvoorstel verwag waarin hulle baie duidelik hulle navorsingsprobleem, taalteoretiese aannames en navorsingsmetodiek moet uitspel.

Soos uit die bestekopname tydens die beraad van Afrikaanse taalkundiges op Rhodes verlede jaar tydens die LVSA maar alte duidelik geblyk het, is taalteorie en navorsingsmetodologie onderwerpe wat glad nie voorgraads in die Afrikaanse taalkunde aan bod kom nie, en sover ek weet, ook nie op die honneursvlak by verskeie universiteite nie.

Tewens, die gebrek aan 'n handboek oor teorie en metodologie, spesifiek afgestem op die taalkunde, is tekenend van hierdie gebrek aan belangstelling in wat 'n kerndeel van taalwetenskaplike navorsing behoort uit te maak. En juis daarom dink ek dat by die onderrig van die Afrikaanse sintaksis hierdie kontroversie rondom Ponelis se *Grondtrekke en Afrikaanse sintaksis* 'n ideale kans bied om hierdie kwessies aan die orde te stel.

Met die wysheid van nawete sou mens dalk kon sê dat hierdie kontroversie nie eintlik van veel belang is nie, gesien die totale afskaling van TGG-georiënteerde taalnavorsing en die opkoms van ander omvattender navorsingsraamwerke in die taalkunde wat juis die engte van 'n sinsbegrensde grammatika oorskry het. Hieronder is die sosiolinguistiek, die pragmatiek, die tekslinguistiek en die korpuslinguistiek bekende nuwere rigtings in die taalkunde. Maar hierdie kontroversie maak nog steeds sin in die historiese ontwikkeling van Afrikaanse taalkundenavorsing en die huidige belang daarvan blyk maar alte duidelik as mens kyk hoe teoretiese en metodologiese kwessies nog steeds in die brandpunt in verskeie dissiplines, insluitende die taalkunde, staan.

My eie uitgangspunt is dus dat die Afrikaanse taalkunde weer ernstig moet besin oor sy status as wetenskap en as **wetenskap** sy plek moet volstaan aan universiteite. Die taalkunde was in die verlede aan die voorpunt van teoretiese en metodologiese vernuwings – dink maar aan die enorme invloed van die Saussuriaanse taalkunde. Maar, onder meer vanweë die taalpolitieke druk op die departemente Afrikaans en die stryd om oorlewing het die meeste van ons departemente ook daartoe genoop om ons taalkundeaanbod óf af te skaal, óf dit so te versplinter in dienskursusse dat dit nie meer as volwaardige dissipline herkenbaar is nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat daar ernstige vernuwing

binne die Afrikaanse taalkunde en die aansien daarvan as vakwetenskap moet kom.

Hoe pas Ponelis en sy twee kontroversiële publikasies hierby in? Laat ek die verhaal van vooraf vertel. Hiervoor gaan ek in die res van hierdie lesing Ponelis se twee werke oor die Afrikaanse sintaksis, naamlik *Grondtrekke* en *Afrikaanse sintaksis*, kontekstualiseer ten opsigte van die doelstelling en werkwyse daarvan. Daarna gee ek aandag aan die twee kerntemas wat in drie resensies oor *Afrikaanse sintaksis* (Du Plessis 1980, Landman 1980 en Maartens 1980) aan die orde gestel word, naamlik die taalteoretiese en metodologiese uitgangspunte daarvan en die status daarvan as naslaangrammatika of handboek vir studente. Ek gaan uitgebreid in op die kritiek van Maartens (1980) op *Afrikaanse sintaksis* en plaas Ponelis en sy bydrae tot ons insig in die Afrikaanse sintaksis in die breër kader van die eklektisisme as navorsingsparadigma.

Die empiriese begroning van *Grondtrekke* en *Afrikaanse sintaksis* en Ponelis se teoretiese en metodologiese eklektisisme

Empiriese begroning

Die twee belangrikste boekpublikasies wat Ponelis oor die Afrikaanse sintaksis die lig laat sien het, is *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* (afgekort tot: *Grondtrekke*, 1968) en *Afrikaanse sintaksis* (1978).

Grondtrekke gee, soos die titel impliseer, vir die student van Afrikaanse sintaksis 'n sinoptiese oorsig van die struktuur van die Afrikaanse sin aan die hand van enkele goedgekose voorbeeldsinne en boomdiagramontledings. In die geval van *Afrikaanse sintaksis* het Ponelis, anders as meeste navorsingspublikasies oor die Afrikaanse sintaksis in dié tyd, in sy ontleding van die struktuur van Afrikaanse sinne nie met 'n korpus van enkele voorbeeldsinne gewerk nie maar met 'n uitgebreide korpus empiriese taalgebruiksdata van die volle spektrum van die gebruikers van Afrikaans. Uit die morsighede en onvoorspelbaarhede van hierdie empiriese data het Ponelis die onderliggende struktuur van die Afrikaanse sin probeer agterhaal. Tweedens, Ponelis gee in sy struktuurbeskrywings in *Afrikaanse sintaksis* nie die rou korpusdata nie, maar uitgebreide stelle

geklassifiseerde voorbeeldsinne uit die korpus om die kompleksiteit van die struktuur van Afrikaanse sinne te illustreer.

Waar *Grondtrekke* dus niks meer as 'n "skelet" van die Afrikaanse sintaksis is nie, het Ponelis met *Afrikaanse sintaksis* 'n lyf en lewe gegee aan daardie skelet. *Afrikaanse sintaksis* is myns insiens *qua* die omvang van die werk en die korpus taalgebruiksdata ook bewys daarvan dat alhoewel Fritz nie baie gepraat het nie, hy nie 'n man van min sinne (en woorde) was nie.

Deur die gebruik van 'n uitgebreide korpus empiriese data het Ponelis egter nie net met die taksonomiese tradisie gebreek nie, maar ook van die praktyke van die TGG om verklarings vir die (on)grammatikaliteitoordele van sprekers van 'n aantal goedgekose sinne te probeer vind. Dink maar hoeveel jare ons taalkundiges nie opgesaal is met die taak om te kan verklaar waarom 'n sin soos *Colourless green ideas sleep furiously*. ongrammatikaal is nie.

Sintaksis op die voorgrond van Feinauer en Gouws het in 1998 verskyn by die herdenking van die dertigjarige viering van die publikasie van *Grondtrekke*. Soos Barbara Bosch in haar bydrae tot hierdie huldigingsbundel meld, is *Grondtrekke* en *Afrikaanse Sintaksis* dié standaardwerke oor die Afrikaanse sintaksis en die vertrekpunte vir 'n hele reeks ander bydraes tot die Afrikaanse sintaksis. Ook in hierdie betrokke bundel getuig die bydraes dat Ponelis die sintaksis nie modulêr of in isolasie benader het nie. Betekenisaspekte, morfologiese en tekslinguistiese of pragmatiese aspekte van sinne duik oral op in *Afrikaanse sintaksis*; insgelyks in die bydraes in die huldigingsbundel dien *Grondtrekke* en *Afrikaanse sintaksis* self ook weer as die beginpunt vir 'n ontleding van Afrikaanse sintaksis vanuit 'n semantiese, tekslinguistiese, leksikografiese en historiese hoek.

Taalteoretiese en metodologiese vertrekpunte

In die drie resensies van *Afrikaanse sintaksis* wat ek geraadpleeg het (Du Plessis 1980, Landman 1980, Maartens 1980), word daar vergelykend verwys na *Afrikaanse sintaksis* en die voorloper daarvan, naamlik *Grondtrekke*. In die bespreking van hierdie twee werke staan veral twee sake voorop, naamlik die

teoretiese en metodologiese begronding van die werke en hulle status as naslaanwerk of handboek.

Ek wil graag verder op hierdie sake ingaan omdat hierdie twee kontensieuse aspekte van kardinale belang is vir die verstaan van Poneelis se siening oor die doel van taalnavorsing, taalteorie, metodologie (analise en beskrywing) en taalkundeonderrig.

Landman (1980) verwys in sy resensie van *Afrikaanse sintaksis* na Poneelis se eie opmerking dat *Grondtrekke* sterk aanleun op die navorsing wat in die TGG oor die sintaksis gedoen is, maar dat dit nie 'n transformasionele grammatika (in die streng teoretiese en metodologiese sin van die woord-PHS) is nie.

Poneelis self gee in die inleiding van *Grondtrekke* ruimskoots aandag aan die sintakstiese begrippe, d.i. analities-deskriptiewe instrumente, om sy navorsingsdoelwit te bereik, naamlik om die struktuur van Afrikaanse sinne te ontleed en te beskryf. Hier gaan dit om konsepte wat hy nie net van die TGG oorgeneem het nie, maar ook van die soort beskrywingsmeganismes van die strukturalisme of die sg. "tradisionele" grammatici (Poneelis 1968:21) wat die TGG voorafgegaan het. Hier gaan dit om struktuurbegrippe soos *woord*, *stuk*, *klous*, *sin*, *liniêre volgorde* en *sintagmatiese plek*, *kategorie*, *hiërargiese struktuur*, *bobou* en *onderbou*, *binnebou* en *buitebou* en *transformasie* of *omsetting*.

Poneelis wys in die inleiding tot *Grondtrekke* ook daarop dat hy in die keuse van hierdie analities-deskriptiewe apparaat by én die TGG én die daaraan voorafgaande tradisionele grammatici aansluit – 'n werkwyse wat hy motiveer op basis van die feit dat die TGG self ook in hierdie opsig by die werk van die tradisionele grammatici aansluit. Oor die verhouding tussen hierdie twee paradigmas meld Poneelis:

In die vroeë fase van die moderne taalkunde is die tradisionele grammatici skerp gekritiseer, maar na die opkoms van die TG word hulle werk baie hoër geskat. Die transformasionele grammatika is – sterker as enige ander moderne stroming – gefundeer op die tradisionele grammatika (vgl. bv. Chomsky 1965:63-64).

Ponelis meld ook in *Grondtrekke* (1968:16) dat, alhoewel hierdie boek plek-plek lyk asof dit 'n grammatika binne die kader van die TGG sou wou wees, dit egter nie is nie:

Hoewel daar baie geput is uit die werk wat hierdie mense (d.i. transformasionele grammatici – PHS) gedoen het, is *Grondtrekke* hoegenaamd nie 'n "transformasionele grammatika" nie. Dit is bloot 'n eenvoudige verduideliking van die begrip "die sintaksis van Afrikaans".

Belangriker is miskien die feit dat Ponelis, anders as in die TGG, nie suiwer net 'n modulêre sinsgrammatika met *Grondtrekke* beoog het nie. Die term *sinsgrammatika* neem hy breër op omdat hy nie net die struktureel-sintaktiese aspekte van die struktuur van sinne betrek nie, maar ook relasionele/funksionele begrippe, morfologiese aspekte (byvoorbeeld die kategorie sintaktiese morfeme in nominaliserings) en betekenisaspekte (byvoorbeeld semanties gedefinieerde klasse, soos die kategorie van waarnemingswerkwoorde wat die semantiese kenmerke deel dat hulle na 'n waarnemingsproses verwys) (sien Ponelis 1968:8-9, 12).

Hiermee het Ponelis dus oop kaarte gespeel oor sy eie siening van die doel van taalspesifieke sintaksisnavorsing, naamlik om insig in die struktuur van Afrikaanse sinne te kry, en daarvoor span hy 'n analitiese-deskriptiewe apparaat in wat hy ontleen het aan die tradisionele grammatici en die TGG. Verder baken hy sy eie benadering in *Grondtrekke* duidelik (Ponelis 1968:3) af tot 'n sinchroniese, interne beskrywing van die Afrikaanse sintaksis, d.w. s. dat *Grondtrekke*, soos *Afrikaanse sintaksis* later nie 'n taalvergelykende studie is nie (byvoorbeeld dat dit nie 'n vergelyking tussen Afrikaans en ander Germaanse tale, soos Nederlands, Engels en Duits tref nie) en ook nie 'n historiese studie is nie (d.i. een wat na die historiese ontwikkeling van die Afrikaanse sintaksis sou kyk nie.)

In Hans du Plessis se beknopte resensie van *Afrikaanse sintaksis* (Du Plessis 1980) maak hy onmiddellik die opmerking dat *Afrikaanse sintaksis* nie binne 'n bepaalde teoretiese raamwerk geskryf is nie, maar dat dit nie teorieloos is nie aangesien Ponelis uit meedere linguistiese teorieë 'n "sinoptiese", eie, "oop"

teoretiese benadering volg. Terselfdertyd noem hy dat in *Afrikaanse sintaksis* 'n eie "Ponelisraamwerk" geskep is "wat vir die beskrywing van die Afrikaanse sintaksis deskriptief adekwaat is" (Du Plessis 1980: 240).

Eerder as wat die eklektiese werkwyse van Ponelis as 'n soort individuele oorspronklikheid gesien word, moet mens myns insiens hier begrip hê vir die taak waarvoor Ponelis met die saamstel van *Afrikaanse sintaksis* as 'n naslaangrammatika te staan gekom het.

Benewens sy eie inhoudelike bydrae tot hierdie naslaangrammatika deur die analise van 'n groot korpus Afrikaanse sinne moes hy 'n hele reeks substantiewe bydraes oor die Afrikaanse sintaksis en bruikbare analyses van die Engelse en Nederlandse sintaksis, wat in 'n hele aantal, soms uiteenlopende teoretiese en metodologiese raamwerke uitgevoer is, in 'n enkele werk integreer. Dit is die tipiese probleem waarmee ook Quirk et al in hulle samestelling van 'n naslaangrammatika van die sintaksis van Engels (sien Quirk et al (1972) se *A grammar of contemporary English*) en Paardekoper (1966) in die saamstel van sy *Beknopte ABN-syntaxis* te staan gekom het.

Vir die skrywers van al drie hierdie naslaanwerke is een van die kernprobleme die vind van 'n gepaste stel analities-deskriptiewe konsepte en terme wat dit moontlik maak om so 'n sinvolle integrasie te bewerkstellig. En dit is presies wat Ponelis in die inleidende hoofstuk van *Afrikaanse sintaksis* uiteensit. Met die uitsondering van die predikaat-argumentstruktuur van 'n sin, verskil hierdie stel eklektiese konsepte nie veel van dié wat in *Grondtrekke* gebruik word nie.

Die status van *Grondtrekke* en *Afrikaanse sintaksis* as handboek respektiewelik naslaangrammatika

Landman (1980) meld – soos Ponelis self in die *Voorwoord* duidelik laat blyk - dat *Grondtrekke* bedoel is as 'n handboek vir voorgraadse studente. As sodanig wou die boek twee hoofdoelstellings bereik, naamlik om op beknopte wyse vir die student 'n oorsig van die struktuur van Afrikaanse sinne te gee en om as 'n gids te dien vir sinsontleding (Landman 1980).

Du Plessis spreek ook hierdie saak aan as hy meld hy dat die blote omvang van *Afrikaanse sintaksis* (652 bladsye) dit nie goeie voorskryfmateriaal vir die eerstejaarstudent maak nie en eerder as 'n "naslaanwerk", d.w.s. as 'n naslaangrammatika van die Afrikaanse sintaksis, beskou moet word.

Wat die status van *Afrikaanse sintaksis* as handboek of naslaangrammatika betref, is dit nodig om daarop te wys dat Ponelis, anders as in die geval van *Grondtrekke*, hom nie uitgespreek het daaroor óf dit die status van voorskryfbare handboek óf die van 'n naslaangrammatika het nie. Ponelis het myns insiens heelwaarskynlik stilswyend aanvaar dat lesers en gebruikers van *Afrikaanse sintaksis* baie gou sou agterkom dat dit *qua* inhoud, struktuur en aanbieding te kompleks is as handboek, en dat dit eerder poog om 'n omvattende naslaanwerk oor die Afrikaanse sintaksis te wees – 'n beginpunt vir verdere navorsing oor die Afrikaanse sintaksis en as 'n bron wat as basis sou kon dien vir die ontwikkeling van voorgraadse en nagraadse kursusse in die Afrikaanse sintaksis.

Opsommend: In sowel *Grondtrekke* as *Afrikaanse sintaksis* verantwoord Ponelis op 'n baie duidelike wyse wat sy taalteoretiese en metodologiese uitgangspunte in die beskrywing van die struktuur van die Afrikaanse sintaksis is en by watter teoretiese en metodologiese paradigmas hy vir hierdie doel in sy analities-deskriptiewe apparaat aanleun. Tweedens, *Grondtrekke* het hy eksplisiet as handboek op die mark gebring, synde 'n uitkoms van die jare wat hy Afrikaanse sintaksis aan Unisa aangebied het. In die geval van *Afrikaanse sintaksis*, daarenteen, laat hy hom nie uit oor watter funksie dié publikasie veronderstel is om te hê nie. Kas Landman het as resensent daarop gewys dat dit moeilik as handboek op voorgraadse vlak voorgeskryf sou kon word en Hans du Plessis dat dit eerder die status van 'n naslaangrammatika het.

Die sensitiwiteit van Du Plessis (1980) en Landman (1980) vir Ponelis se taalteoretiese en metodologiese vertrekpunte is op sig self al seker bewys van hoe hierdie sake in die tyd met die verskyning van *Afrikaanse sintaksis* in die taalkunde op nasionale en internasionale vlak in die kollig was.

Maartens (1980) oor *Grondtrekke* en *Afrikaanse sintaksis* – 'n TGG kritiek op die "taksonomiese" taalkunde

In 1986 het Gouws en Swanepoel in 'n redelik striemende resensie van Hansie Botha se boek, *Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente* die outeur sonder omhaal van woorde gekritiseer vir die wyse waarop hy sonder skroom van *Grondtrekke en Afrikaanse sintaksis* geprofiteer het met die saamstel van sy handboek. In sy teenreaksie het Botha probeer om ons met 'n kishou te slaan:

Swanepoel óf Gouws (of albei), kan, as hulle duidelikheid gekry het oor wat insig (in en taal en teorie), metode, taalbeskrywing, taalonderrig, student, leser is, dalk 'n poging aangewend het om Jean Maartens... se bevinding dat *Afrikaanse sintaksis* nie as 'n handboek aanbeveel kan word nie, met motivering en verduideliking te ontken.

(Botha 1987:144-145.)

Ek sou professor Hansie Botha nie die versekering kon gee dat ek nou al genoeg van die verlangde "insig" het om hierdie taak aan te pak nie, maar gesien in die lig van die belang van die taalteoretiese en metodologiese kwessies is dit nodig om die resensie waarna Hansie Botha verwys van nader te ontleed.

Botha verwys hier na die veelgewraakte resensie van Jean Maartens (1980) van *Afrikaanse sintaksis*. Hierdie lywige resensie van 91 bladsye is gepubliseer as 'n aparte nommer van *Spil Plus* van die destydse Departement Linguistiek van Stellenbosch en het daarvoor gesorg dat die Afrikaanse taalkundiges – veral oudstudente van Ponelis - linies en laers getrek het en die Departement Linguistiek van die Universiteit van Stellenbosch beskuldig het van 'n poging om 'n transformasioneel-generatiewe taalteoretiese en metodologiese staatsgreep op die Afrikaanse sintaksis uit te voer. Die vermoede dat dit hier selfs om die meer ambiseuse poging gegaan het om die Chomskyaanse rewolusie ook in die Afrikaanse taalkunde as geheel deurgevoer te kry, is versterk toe van die belangrikste voorgeskrewe handboeke/publikasies oor die Afrikaanse taalkunde ook onder die mes gekom het in verskillende nommers van *Spil Plus* na die verskyning van Maartens se resensie. Alhoewel Maartens ma staan vir die resensie, bedank sy nietemin die vele insette van die destydse redaksie van *Spil Plus*, wat die vermoede versterk het dat dit om 'n departementele poging gegaan het.

Maar hierdie soort naïewe agterdog en verdagmakery van die destydse Stellenbosche Departement Linguistiek het natuurlik nie bygedra tot 'n wetenskaplike ontleding van die groter taalteoretiese en metodologiese diskoers waarom dit hier gegaan het nie, naamlik die vraag of mens met die soort Ponelesiaanse teoretiese en metodologiese eklektisisme te werk kon gaan in die ontleding van die struktuur van die Afrikaanse sintaksis en of die TGG 'n baie beter paradigma of navorsingsraamwerk vir hierdie doel lewer nie.

Die kerndoelstelling van sintaksisnavorsing: studieobjek en metode

Maartens (1980) kritiseer *Afrikaanse sintaksis* eerstens ten opsigte van die sentrale aanname vir navorsing in die Afrikaanse sintaksis, naamlik om “insig in die struktuur van die Afrikaanse sintaksis” te bied (sien Maartens 1980:1-2 vir 'n opsomming.) Elkeen van die konsepte in hierdie frase word geïnterproblematiseer, baie duidelik vanuit 'n TGG teoretiese en metodologiese benadering. Alhoewel Maartens nie altyd direk haar uitgangspunte aan Rudi Botha se boek *Generatiewe taalondersoek* (1978) knoop nie, is dit uit haar bespreking maar al te duidelik wie haar TG-leermeester was.

Vir eers het Maartens kritiek op die vermenging van sintaktiese met semantiese gegewens (sien Maartens 1980:24-30), gegee die sentrale aanname van 'n modulêre grammatika in die TGG waar slegs suiwer sintaktiese herskryfreëls, transformasies en beperkings daarop geformuleer kon word.

Gegee die idealisering dat 'n TGG grammatika die kennis van “ 'n ideale moedertaalspreker in 'n homogene taalgemeenskap” moet weergee, reageer Maartens heftig daarop dat Poneles in sy voorbeelde die hele spektrum sintaktiese variasie van gewone Afrikaanse taalgebruikers betrek (sien Maartens 1980:5-7). Daarbenewens steek *Afrikaanse sintaksis* volgens Maartens in die beskrywing van die taalspesifieke data vas, sonder dat die verband tussen taalspesifieke sintaksiskennis met die universele menslike taalvermoë (insluitende die sintaksis) duidelik gelê word nie.

Die begrip “insig” word geïnterproblematiseer omdat die TGG duidelike ontologiese aannames oor die aard van menslike taalvermoë (as studie-objek) het, asook 'n

stel epistemologiese aannames oor hoe mens insig hierin sou kon kry, naamlik beskrywings van die reëlmaat onderliggend aan problematiese sintaktiese verskynsels, die verskaf van verklarings vir die grammatikaliteitsoordele van geïdealiseerde moedertaalsprekers en die maak van voorspellings oor soortgelyke verskynsels wat nie in die onderhawige studie nagevors is nie. (Sien Maartens 1980:1-2). Vir sover *Afrikaanse sintaksis* net, en hoogstens, volgens Maartens (1980:1-2, 12), vassteek in 'n poging om die reëlmaat onderliggende aan Afrikaanse sinne te ondervang, is dit niks meer as 'n versameling preteoretiese klassifikasies wat nie eers aan die vereistes van 'n bruikbare preteoretiese grammatikale beskrywing voldoen nie; gevolglik kan dit nie insig in die struktuur van die Afrikaanse sintaksis bied nie. (Sien ook Maartens se opsommende oordeel 1980:54.)

Maartens kritiseer *Afrikaanse sintaksis* verder dan veral ten opsigte van twee sake: die status daarvan as wetenskaplike bydrae tot ons insig in die struktuur van die Afrikaanse sintaksis en die geskiktheid daarvan as 'n voorgeskrewe handboek vir studente. Soos sy uitgebreid aanvoer, kan *Afrikaanse sintaksis* geen insig in die struktuur van die Afrikaanse sintaksis bied nie omdat dit uit 'n aantal soorte "inhoudelike fragmente" bestaan, wat sy soos volg etiketteer:

- taksonomiese fragmente (naakte, bespreekte en verdoeselde klassifikasies)
- pseudo-teoretiese fragmente
- teorie-gedisoriënteerde fragmente

(Maartens 1980:2; 7-48.)

Hierdie fragmente voldoen nie aan die drie kriteria wat sy stel vir 'n bydrae tot insig in die Afrikaanse sintaksis nie, naamlik

- dat die inhoud nie obskuur mag wees nie
- dat die inhoud nie "inhoudloos" mag wees nie
- dat die inhoud nie arbitrêr mag wees nie

(Sien Maartens 1980:1-2 vir 'n beknopte oorsig.)

Met laasgenoemde het Maartens haar operasietafeltjie opgestel en netjies met drie jagtersmesse gedek om *Afrikaanse sintaksis* te dissekteer.

Die eerste vereiste (nieobskuurheid van die inhoud) word gebruik om *Afrikaanse sintaksis* as geheel te beoordeel. Die oordeel is te voorspelle: *Afrikaanse sintaksis* voldoen nie aan hierdie vereiste nie, want die inhoud is onhelder en ondeursigtig geformuleer, sorgvuldigheid is nie aan die dag gelê met die gebruik van tegniese terme nie en die uiteensetting, konseptualisering, die logiese strukturering van die geheel en die tegniese versorging van die teks laat heelwat te wense oor. Volgens Maartens is dit gevolglik “logies” dat mens nie kan agterkom wat *Afrikaanse sintaksis* nou eintlik oor die struktuur van die Afrikaanse sintaksis beweer nie (Maartens 1980: 2-4; 59-82).

Die vereiste van inhoudloosheid al dan nie, vereis dat die sintaktiese beskrywings in *Afrikaanse sintaksis* oplossings vir beduidende sintaktiese probleme sou moes bied. Volgens Botha (1978:92) – waarop Maartens terugval (1980:2) - is

Beduidende grammatikale probleme ... welgevormde grammatikale probleme waarvan die oplossing betekenisvol bydra tot die vermeerdering van die wetenskaplike kennis oor 'n taal bied. Uit die oplossings vir sodanige probleme moet die wetmatigheid van Afrikaans as afsonderlike taal blyk. Dit moet verder duidelik wees in watter opsig Afrikaans uniek is en in watter opsig Afrikaans ooreenstem met ander menslike tale. Sintaktiese beskrywings wat nie aan hierdie eise voldoen nie, is “inhoudloos” en lei nie tot insig in die struktuur van Afrikaans nie.

(Maartens 1980:2.)

Oor die inhoud van die derde vereiste, d.i. van nie-arbitrariteit, haal ek Maartens (1980:2) direk aan:

Die derde vereiste hou in dat die oplossings wat wel vir beduidende probleme gegee word, getoets en geregverdig moet wees. Die voorgestelde oplossings moet onder meer vergelyk word met moontlike alternatiewe oplossings. Daar

moet ook aangedui word hoe die voorgestelde oplossings ingebed is in die bestaande vakliteratuur. Oplossings waarvoor dit nie gedoen word nie, is nie behoorlik getoets en geregverdig nie en is dus arbitrêr.

Nodeloos om te sê dat Maartens tot die slotsom kom dat *Afrikaanse sintaksis* nie aan een van hierdie vereistes voldoen nie en gevolglik geen "insig" in die struktuur van die Afrikaanse sintaksis bied nie (Sien die uitgebreide bespreking in Maartens 1980.)

***Afrikaanse sintaksis* as handboek of naslaangrammatika**

Maartens (1980:56-58) gee uitgebreide kritiek op *Afrikaanse sintaksis* as 'n potensiële handboek vir studente.

Gegee haar slotsom dat *Afrikaanse sintaksis* nie vir die student insig in die struktuur van die Afrikaanse sintaksis bied nie, redeneer Maartens dat dit daarom ook nie 'n goeie voorgeskrewe handboek vir studente kan wees nie.

In kort is haar slotsom dat *Afrikaanse sintaksis* nie 'n beskrywing gee van die reëlmaat onderliggend aan problematiese sintaktiese verskynsels in Afrikaans nie, nie verklarings vir hierdie probleme verskaf nie, nie voorspellings maak oor soortgelyke verskynsels wat nie in *Afrikaanse sintaksis* ondersoek word nie en dat dit ook geen taalvergelykende blik op die sintaksis (van alle tale) bied nie (gegee dat die studieobjek van die TGG die menslike universele grammatika is).

Die tweede probleem met *Afrikaanse sintaksis* as handboek is volgens Maartens dat die metodologie wat gevolg is vir studente die indruk kan gee dat taalkundenavorsing niks meer behels as om willekeurig gekose stelle data te klassifiseer, sulke klassifikasies aan te vul met ongetoetste en ongeregverdigde bewerings, en niks meer is as 'n spel met 'n paar terme wat hier en daar met teorie-gedisoriënteerde fragmente aangevul moet word nie.

Verder blyk dit volgens Maartens dat die student nie leer dat die navorser in sy ontleding nie kennis hoef te neem van die sintaktiese diepteanalises van verwante tale nie (Maartens 1980:57).

Die alternatiewe metodologiese raamwerk wat sy vir die student voorhou, is dat 'n student moet leer:

...dat oordeelkundig geklassifiseerde lyste data nuttig is as basis vir die formulering van welgevormde, beduidende sintaktiese probleme...dat sintaktiese analise bestaan uit hipoteses wat voorgestel word ten einde die probleme op te los...dat elke hipotese geregtig moet word en aan verdere data getoets moet word...dat nuwe hipoteses voortdurend hersien kan word wanneer nuwe data teenvoorbeelde oplewer...dat die studie van die Afrikaanse sintaksis net so 'n wetenskaplike bedryf as die studie van byvoorbeeld die natuur kan wees...

(Maartens 1980:57.)

En met so 'n slotparagraaf hang Maartens se TGG-onderrok lelik uit en dit is maar al te duidelik namens wie sy hier praat. Nodeloos om te sê dat elkeen van hierdie navorsingsvaardighede hoofstuk vir hoofstuk uitgebreid bespreek word in Rudi Botha se handboek *Generatiewe taalondersoek*. (Sien ook Botha 1978:408.)

Binne die generatiewe paradigma kan navorsing oor die Afrikaanse sintaksis dus net uit die volgende bestaan: die kies van navorsingsdoelstellings, die fomuleer van probleme, die maak van ontdekkings, die gee van teoretiese beskrywings, die gee van verklarings, die maak van voorspellings, gee van regverdigings, die lewer van kritiek en die reageer op kritiek (Botha 1978:410). Dit is ook duidelik dat in hierdie empiriese positiwisme daar geen plek vir kwalitatiewe navorsingsmetodes bestaan nie, behalwe miskien om uit moedertaalsprekers hulle grammatikaliteitsoordele oor sinne te ontfutsel.

Opsommend: In haar resensie het Jean Maartens gepoog om *Afrikaanse sintaksis* te diskrediteer as 'n vakwetenskaplike bydrae tot insig in die Afrikaanse sintaksis en om dit ook – deels as gevolg van die wetenskaplike gebreke, so loop haar argument – as 'n nuttelose handboek uit te maak.

In haar kritiek argumenteer Maartens dat *Afrikaanse sintaksis* ook nie as 'n goeie naslaangrammatika in die kategorie van Quirk (1972) en Paardekoper (1966)

gereken kan word nie. Haar hoofbeswaar in hierdie verband teen *Afrikaanse sintaksis* is die gebrek aan 'n goedgeeregverdigde en geïntegreerde teoretiese en metodologiese raamwerk. Maartens is in hierdie geval tewens nie gekant teen die gebruik van so 'n eklektiese teoretiese en metodologiese raamwerk wat 'n naslaangrammatika, soos Quirk (1972) en Paardekoper (1966), sou vereis nie, solank die gekose analities-deskriptiewe raamwerk nie bestaan uit 'n "ongemotiveerde samevoeging van onversoembare begrippe, onderskeidings en analises nie" (1980:55).

Kritiek op Maartens se resensie van *Afrikaanse sintaksis*

In terugskoue is daar verskeie kontensieuse aannames wat Maartens maak in haar disseksie van *Afrikaanse sintaksis*. Soms steun dié op die Bothiaanse versie van die TGG (en daar is ook ander versies), soms eenvoudig op wat volgens Maartens as "logies" beskou moet word. Wat vir een mens logies is, is dit egter nie noodwendig vir ander nie. Hierdie sort subjektiewe regverdiging vir die lewer van kritiek is juis een van dié wat die TGG nougeset probeer weer het, en dan veral Rudi Botha in *Generatiewe taalondersoek*. Evalueringskriteria wat dus op basis van hulle logiese status aangebied word, laat ek eers tersyde.

Dit is ook nie hier die plek om uitgebreide kritiek op die TGG se ontologiese en epistemologiese uitgangspunte te lewer en op dié wyse die onhoudbaarheid van die meeste van Maartens se kriteria aan te toon nie. Eersgenoemde is al uitgebreid in die literatuur gedoen.

Ek noem dus net enkele punte van kritiek.

Van die grootste probleme met die obskuurheid en inhoudloosheid van die ontologiese en epistemologiese uitgangspunte van die TGG is wel duidelik uit te wys aan die hand van die kriteria wat Maartens ingespan het in die beoordeling van *Afrikaanse sintaksis*.

Die eerste probleem met Maartens se kritiek is dat sy nie onderskei tussen 'n naslaangrammatika met al die epistemologiese en ontologiese probleme wat daarmee saamhang en 'n navorsingsartikel, 'n proefskrif of verhandeling nie. In die geval van laasgenoemde sou mens nog vanuit 'n enkele bepaalde paradigma

kon vertrek, selfs vanuit die TGG, maar nie in die geval van 'n naslaanwerk nie wat 'n verstaanbare en oorsigtelike integrasie van gepubliseerde en ongepubliseerde navorsing probeer maak, elk met hulle eie ontologiese en epistemologiese vertrekpunte. (Tewens, een van die sterk punte van kritiek van Zwicky op Rudi Botha se *Generatiewe ondersoek* is juis ook dat dit meer soos 'n verhandeling as 'n handboek lyk.)

Indien *Afrikaanse sintaksis* dan eerder as 'n naslaangrammatika beskou moet word, is Maartens se werkwyse gevolglik dat sy ook die status van *Afrikaanse sintaksis* as 'n naslaangrammatika probeer problematiseer.

In Maartens se kritiek op die siening dat *Afrikaanse sintaksis* as naslaanwerk probeer Maartens in die eerste plek om die lesers te oortuig dat sy nie teen die kies van 'n eklektiese teoretiese en deskriptiewe raamwerk is nie. Die kern evalueringskriteria in hierdie verband is of die betrokke raamwerk 'n "goedgeregverdigde geïntegreerde geheel" is of 'n "ongemotiveerde samevoeging van onversoerbare begrippe, onderskeidings en analyses" (Maartens 1980:55).

Maartens stel myns insiens egter nie 'n duidelike, operasionaliseerbare stel kriteria daar om tussen gemotiveerde en ongemotiveerde en geïntegreerde en ongeïntegreerde teoretiese en metodologiese eklektiese raamwerke te onderskei nie. Sy kom byvoorbeeld tot die slotsom dat Quirk (1972) as naslaangrammatika wel deur so 'n gemotiveerde analities-deskriptiewe raamwerk onderlê word en Paardekoper (1966) in 'n mindere mate, maar dan sonder om in besonderhede aan te toon hoe sy tot hierdie slotsom kom (Maartens 1980:55).

Dit help ook nie veel dat Maartens (1980:50) in hierdie verband terugval op Rudi Botha se omskrywing van die kriteria waaraan 'n "koherente deskriptiewe raamwerk, oftewel 'n toereikende teoretiese raamwerk" moet voldoen nie. Ook Botha se "streng eise" is moeilik operasionaliseerbaar omdat dit vol sit met sulke gradeerbare adjektiewe soos "n harde kern", "geniale, insiggewende aannames", "heuristies-vrugbare", "goed georganiseer en logies koherent" en "gepaste".

Gemotiveerdheid en ongemotiveerdheid en geïntegreerdheid en ongeïntegreerdheid is verder nou eenmaal nie binêre opposisies nie. Grade van gemotiveerdheid en geïntegreerdheid kan onderskei word soos uit Maartens se eie gradering blyk van *Afrikaanse sintaksis*, Paardekoper (1966) en Quirk (1972).

Maartens se tweede argument teen die kategorisering van *Afrikaanse sintaksis* as naslaangrammatika val myns insiens geheel en al plat. Sy voer naamlik aan dat *Afrikaanse sintaksis* nie as 'n naslaangrammatika beskou kan word nie omdat daar volgens haar nog nie genoeg sintaktiese navorsing oor Afrikaans gedoen is, vergeleke met studies oor Engels en Nederlands, om so 'n naslaanwerk te regverdig nie (Maartens 1980:56).

Wat sy nalaat om aan te toon, is hoeveel van Ponelis se eie navorsing, dié wat in verskeie MA- en D-studies oor die Afrikaanse sintaksis vervat is, asook die studies oor die Nederlands en Engelse sintaksis in *Afrikaanse sintaksis* geïntegreer word. (Sien hiervoor *Afrikaanse sintaksis* se bronnelys en die verwysings na die verskeie studies in die teks van *Afrikaanse sintaksis*).

Tewens, mens vra jouself die vraag af: Wanneer sal 'n mens nou presies weet wanneer daar genoeg sintaksisnavorsing oor Afrikaans gedoen is voor jy jou hand aan 'n naslaangrammatika van die Afrikaanse sintaksis sou kon waag?

Indien Maartens se eie siening was/is dat alle navorsing wat in die verlede oor die Afrikaanse sintaksis gedoen is, in feite waardeloos is, dan het sy daarmee dus as't ware ook alle insigte wat navorsing oor die sintaksis in die strukturalisme en al hulle paradigmatische voorgangers van die tafel probeer vee. Miskien was Maartens se eie uitgangspunt dat daar nog nie genoeg navorsing oor die Afrikaanse sintaksis *binne die raamwerk van die TGG gedoen is*, om nou al so 'n naslaangrammatika te kan saamstel nie. Indien wel, dan sou Maartens inderdaad geweldig teleurgesteld wees omdat daar na twee en twintig jaar na die verskyning van *Afrikaanse sintaksis* myns insiens nog nie genoeg sintaksisnavorsing oor Afrikaans binne die generatiewe paradigm gedoen is nie.

Alhoewel mens in die kritiek op Maartens (1980) se beoordeling van *Afrikaanse sintaksis* as 'n goeie/slegte handboek of naslaangrammatika met 'n baie

duidelike, eenvormige, algemeen-aanvaarde stel kriteria sou wou werk, kon ek nie so 'n stel kriteria opgespoor kry wat aan hierdie vereistes voldoen nie. Ek volstaan dus hier deur daarop te wys dat Rudi Botha se handboek *Generatiewe ondersoek* self ook heelwat negatiewe kritiek as handboek vir studente ontlok het. Sien veral die rensensie van Zwicky (Zwicky 1985). Belangriker is die feit dat die stel kriteria wat Zwicky aanwend in verskeie opsigte verskil van dié wat Maartens (1980) gebruik in die beoordeling van *Afrikaanse sintaksis*. Maartens (1980:58) laat mens ook net so in die duister oor presies mens die kriteria – vir sover dié wel uitgespel word - moet operasionaliseer waarvolgens sy Akmajian en Heny (1975) en Soames en Perlmutter (1979) wel as voorbeelde van goeie handboeke beskou. Kortom: Hierdie drie gevalle is tekenend van die feit dat daar nie so 'n omvattende stel algemeen aanvaarde kriteria vir die beoordeling van die kategorie handboek en naslaanwerk is nie.

Dieselfde soort kritiek geld vir die wyse waarop Maartens ander TGG-evalueringkriteria inspan. Ter illustrasie: Die vereiste van inhoudloosheid al dan nie, vereis dat die sintaktiese beskrywings in *Afrikaanse sintaksis* oplossings vir beduidende sintaktiese probleme sou moes bied. Volgens Botha (1978:92) – waarop Maartens terugval (1980:2) – behels hierdie vereiste onder meer dat Ponelis ook in *Afrikaanse sintaksis* duidelik moes laat blyk

...in watter opsig Afrikaans uniek is en in watter opsig Afrikaans ooreenstem met ander menslike tale. Sintaktiese beskrywings wat nie aan hierdie eise voldoen nie, is “inhoudloos” en lei nie tot insig in die struktuur van Afrikaans nie.

Die vraag is: Wanneer bereik jy 'n eindpunt met hierdie soort vergelykende aanpak? Hoeveel van die res van die tale van die wêreld moet jy ontleed en vergelyk met Afrikaans voordat jy uiteindelik tot 'n insig oor die Afrikaanse sintaksis kan kom. Ek ken geen TGG-studie waarin hierdie grootskaalse vergelykings gedoen word nie en ook geen naslaangrammatika of handboek waarin hierdie onhaalbare taak aangepak word nie.

Dieselfde geld vir die derde vereistes wat Maartens aan *Afrikaanse sintaksis* stel, naamlik dat dit, om nie ongetoets, ongeregverdig en dus arbitrêr te wil wees nie,

elke stukkie struktuurbeskrywing of oplossing sou moes vergelyk met ander/alle ander “moontlike alternatiewe oplossings”, en hoe elkeen van hierdie voorgestelde oplossings/verklarings in die vakliteratuur ingebed is. Weer eens, so iets mag haalbaar wees in ‘n wetenskaplike artikel of verhandeling waarin daar op ‘n enkele Afrikaanse sintaktiese verskynsel gefokus word, maar nie in ‘n naslaangrammatika nie. Tewens, as mens dit sou probeer doen het in die geval van *Afrikaanse sintaksis* dan het ons nog nie so ‘n publikasie gehad nie en dit sou sekerlik totaal as handboek misluk het vanweë die volkome onoorsigtelikheid daarvan.

Dom generatiewe of hardvoggige taksonomis?

Met die verskyning van *Afrikaanse sintaksis* was die Chomskyaanse rewolusie al ver gevorder internasionaal. Die transformasioneel-generatiewe benadering het al voete gevind in die ander komponente van die grammatika en die generatiewe fonologie en generatiewe morfologie was al volwaardige onderafdelings naas die generatiewe sintaksis van ‘n universele grammatika en taalspesifieke grammatikas.

Rudi Botha gee in *Generatiewe taalondersoek* (1978:402-403) ‘n goeie driedeling van reaksies van taalkundiges op die Chomskyaanse rewolusie.

’n Eerste groep kon die sin van die rewolusie insien en het die nuwe benaderingswyse aanvaar. Hulle werk gewoon verder as generatiewe taalondersoekers.”

’n Tweede groep, en die groot steen des aanstoots, is die groep dom taksonomiese taalkundiges wat voorgee

dat hulle die sin van die Chomskyaanse rewolusie insien en dat hulle as generatiewe taalondersoekers voortwerk. In feite snap die lede van hierdie groep egter nie die beginsels van generatiewe taalondersoek nie. Wat hulle doen, kom in die praktyk nog steeds neer op die maak van klassifikasies. Op ‘n misleidende wyse word hierdie klassifikasies egter aangebied in die *terminologie* van generatiewe taalondersoek

Die derde groep is die hardvotige taksonomiese taalondersoekers wat die oorgang na TGG nie kon of wou maak nie en hulle “gee ook nie voor dat hulle generatiewe taalondersoekers geword het nie”. Hierdie soort dissidensie het egter hulle noodlottige ondergang verseël:

Na onsuksesvolle vernet teen die revolusionêre Chomskyane, het hierdie taksonomiese taalkundiges, of ‘akademies uitgesterf’, of hulle teruggetrek om in isolasie die beoefening van taksonomiese taalondersoek voort te sit... Die betrokke taksonomiese taalondersoekers produseer, anders as lede van die tweede groep, nie misleidende ondersoekresultate nie. Maar hulle voortgesette taksonomiese ondersoek kan slegs by wyse van toeval beduidende nuwe insigte in die aard van menslike taal oplewer.

(Botha 1978:403.)

Dit was juis teen hierdie tweede en derde groep waarteen die Departement Linguistiek/ Rudi Botha hulle vernet het en met alle geweld wou hervorm. Dit is veral ook wat Maartens met Ponelis wou doen, naamlik om hom as én dom generatiewe en hardvotige taksonomies uit te maak. Hiervoor gebruik sy met genoeg (uit Botha 1978 geneem, sien Botha 1978:403) ook Dougherty (1972) se kriteria om ‘n generatiewe fopdosser uit te vang. Dié is een wat klassifikasies generatiewe botone gee deur sulke klassifikasies in die terme van die TGG aan te bied, te maak of daar sprake is van reëls wat egter nie geformaliseer word nie, en wat praatjies maak oor universalie, kognitiewe psigologie en die semantiek.

Die vraag is egter of Ponelis in enige of altwee van hierdie twee kategorieë – dom taksonomies of hardvotige taksonomies - geplaas kan word. Botha (1987:400-410), soos tipies van die paradigmadiese mentaliteit, werk hier slegs met twee paradigmas: die generatiewe en die taksonomiese taalondersoekers, en laat in hierdie opsig geen plek vir ‘n taalteoretiese en metodologiese pluralisme of eklektisisme nie. Volgens die paradigmadiese mentaliteit moes mens jou dus van harte oorgee aan een so ‘n paradigma, naamlik die TGG. Hierdie soort wedersyds uitsluitende benadering van die paradigmadiese mentaliteit verskil egter van die soort eklektisisme wat tans in die sosiale wetenskappe bepleit word. Vandag word daar met afkeur teruggekyk op die monopolistiese strewes van Kuhn se

paradigmas en Lakatos en Popper se navorsingstradisies (sien byvoorbeeld Sil 2000; Sil en Katzenstein 2010; Walker 2010). Die pleidooi is vir 'n teoretiese en metodologiese eklektisisme waarin daar nie gewerk word met die soort idealiserings wat die taalnavorsers sal verskans teen die probleme van werklike taalgebruik van die sprekers van Afrikaans in sy volle verskeidenheid nie. Teoretiese en metodologiese eklektisisme is, soos uitvoerig uiteengesit deur Sil en Katzenstein (2010:412), 'n intellektuele houding wat 'n navorser kan inneem in die soeke na oplossings en verklarings van werklike probleme (bv. "Wat is die struktuur van die Afrikaanse sintaksis?) waarin daar nie van die volle variasie en probleme van werklike taalgebruik weggeskram word nie. En hiervoor kan die navorser sy beskrywings- en verklaringsbasis verbreed deur konsepte en teoretiese elemente uit verskillende paradigmas of tradisies te neem.

Afloop...

Die soort homogeniteit wat die TGG beleef het, het nie langer as eind sewentigs geduur nie. Moore en Carling skryf in hulle werk *Understanding language: Towards a post Chomskyan linguistics* (1982) dat in die vroeë tagtigs "theoretical linguistics is deeply divided with little agreement on goals and methods of investigation and with few findings not in dispute" (agterblad). Maar paradigmatische verskuiwings vind nie oornag plaas, soos dit dikwels voorgestel word nie. Moore en Carling (1982:1x) merk dan ook op dat

Anyone who has become disillusioned with the dominant framework of enquiry in his field (d.i. die TGG - PHS) will be familiar with the problems and pains that accompany slow withdrawal. There is a keen sense of loss of familiar methods of investigation and modes of argument and an acute awareness that able and talented people are still continuing to work within the old framework, apparently undisturbed by what has become to seem its unacceptable irrelevance.

Dit laaste opmerking laat mens met die ontnugterende vraag: Bestaan daar iets soos 'n homogene taalgemeenskap en 'n ideale moedertaalspreker en watter empiriese inhoud moet mens nou eintlik daaraan gee as iemand een dag 'n volledige TGG grammatika van so 'n moedertaalspreker opgetower het?

Soos te sien is op die Internet, is *Afrikaanse sintaksis* en *Grondtrekke* vandag nog oral te kry in goeie boekhandelaars die wêreld oor. Ná hierdie twee monumentale werke oor die struktuur van die Afrikaanse sintaksis het daar nog geen ander gekom wat hulle gelyke is nie en altwee werke leef voort in byvoorbeeld Ponelis se hoofstuk oor die Afrikaanse sintaksis in *Inleiding tot die taalkunde* (Van der Merwe 1969) waar elke student van die Afrikaanse taalkunde vandag nog met Ponelis sintaksis kennis maak.

Met sy eklektiese benadering in *Grondtrekke* en *Afrikaanse sintaksis* was Fritz Ponelis sy tyd vooruit en hy het binne die kader van hierdie benadering 'n blywende bydrae tot insig in die struktuur van die Afrikaanse sintaksis gelewer.

Dankie dames en here.

Bronne

Akmajian, A. en Heny, F. 1975. *An introduction to the principles of transformational syntax*. Cambridge, Mass.: MIT Press

Botha, J.P. 1985. *Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Botha, J.P. 1987. Kommentaar op die resensie van ASVS deur P.H. Swanepoel en R.H.Gouws. *South African Journal of Linguistics*, 5(1): 137-145.

Botha, R.P. 1978. *Generatiewe taalondersoek. 'n Sistematiese inleiding*. Kaapstad: Haum.

Chomsky, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge, Mass.: MIT Press.

Dougherty, R. 1972. *Generative Semantic Methods: A Bloomfieldian Counterrevolution*. Indiana University Linguistics Club.

Du Plessis, Hans. 1980. Resensie van Ponelis 1979. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 20(3): 240-241.

- Gouws, R. en Feinauer, I. (St.) 1998. *Sintaksis op die voorgrond. Vir die dertigjare herdenking van Fritz Ponelis se Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Gouws, R. en Feinauer, I. 2010-2011. Friedrich Albert Ponelis. *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden, 2010-2011*, pp.125-130.
- Landman, Kas. 1980. Boekresensie in *Tydskrif vir Letterkunde*, Nuwe reeks XV111: 117-120.
- Maartens, J. 1980. Afrikaanse sintaksis: 'n evaluering. *Spil Plus*, 3.
- Moore, T. en Carling, C. 1982. *Understanding language: Towards a post-Chomskyan linguistics*. London: Macmillan.
- Paardekoper, P.C.1966. *Beknopte ABN-syntaxis*. Den Bosch: Malmberg.
- Ponelis, F.A. 1968. *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik
- Ponelis, F.A. 1978. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Quirk, R., Greenbaum, S., Leech, G. en Svartvik, J. 1972. *A grammar of contemporary English*. London: Longman.
- Sil, R. 2000. The foundations of eclecticism. The epistemology of agency, culture, and structure in social theory. *Journal of Theoretical Politics*, 12(3): 353 -387.
- Sil, R. en Katzenstein, P.J. 2010. Analytic eclecticism in die study of world politics. Reconfiguring problems and mechanisms across research traditions. *Perspectives on Politics*, 8(2): 411- 431.
- Swanepoel, P.H. 1980. *WH-konstruksies in Afrikaans: 'n Generatiewe benadering*. Ongepub. DLitt., Universiteit van Stellenbosch.
- Soames, S. en Perlmutter. 1979. *Syntactic argumentation and the structure of English*. Berkeley, Los Angeles, London: University of California Press.
- Walker, T. 2010. The perils of paradigm mentalities: Revisiting, Kuhn, Lakatos, and Popper. *Perspectives on Politics*, 8(2): 433- 451.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1969 (red.) *Inleiding tot die taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.